

A

Die geldigheid van Talentopname se IK- en Aanlegtoetse vir die voorspelling van skolastiese en akademiese kriteria

F.A. Verwey



RGN·HSRC

BIBLIOTEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN · HSRC



RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK


HSRC LIBRARY

Die geldige
en Aanle
van skole

VERVALDATUM/DATE DUE

31/3/23			
1984-05-30			
20 MAR 1990			
16 SEP 1991			
IBL / ILL			
07 NOV 1994			
IBL			
TERUG			
TERUG			

0000241265



2844363866



001.3072068 HSRC MT 51



* 0 2 4 1 2 6 *

Die geldigheid van Talentopname se IK- en Aanlegtoetse vir die voorspelling van skolastiese en akademiese kriteria

F.A. Verwey

RCN BIBLIOTEK HSRC LIBRARY		
1982-10-12		
STANDKODE 001.3072068 HSRC MT 51	REGISTERNUMMER 056631	
BESTELNUMMER G		4

F.A. Verwey, Ph.D., Hoofnavorsingsbeampte

Instituut vir Mannekragnavorsing

Waarnemende Direkteur: S.S. Terblanche

ISBN 0 86965 913 8

Prys: R2,80
(AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1982
Alle regte voorbehou

Gedruk deur Printmate

VOORWOORD

Vir die implementering van die nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys, is van die veronderstelling uitgegaan dat betroubare en geldige sielkundige meetinstrumente vir onderwysleiding beskikbaar sou wees. Een van die doelstellings met Projek Talentopname was dan ook die beskikbaarstelling van sulke instrumente.

’n Vorige ondersoek het bepaal watter basiese of primêre verstandsfaktore met behulp van Talentopname se kognitiewe toetse gemeet is en watter IK- en aanlegtoetse hierdie verstandsfaktore identifiseer.

Hoe noodsaaklik sulke navorsing ook al mag wees uit die oogpunt van psigometriese teorie, werp dit geen lig op die praktiese bruikbaarheid en waarde, al dan nie, van die betrokke sielkundige toetse nie, byvoorbeeld vir onderwys en beroepsleiding.

In hierdie ondersoek is die geldigheid bepaal van ’n aantal aanlegtoetse asook IK vir die voorspelling van ’n verskeidenheid skolastiese en akademiese kriteria.

Die statistiese verwerkings vir die ondersoek is uitgevoer deur die Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN), en die taalkundige versorging is behartig deur die Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND), albei van die RGN.



WAARNEMENDE DIREKTEUR

ERKENNING

Die gegewens wat gebruik is in die navorsing waaroor hierdie publikasie handel, is deur middel van Projek Talentopname verkry. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se mannekragpotensiaal is, en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Talentopname is onderneem met die samewerking van al die onderwysdepartemente vir Blankes van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika en van die verenigings van kerk- en privaatskole.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, voormalige President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan UOVS, en dr. A.B. Fourie, tans verbonde aan die Departement van Onderwys en Opleiding. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, voormalige Direkteur, en dr. W.L. Roos, Senior Hoofnavorsingsbeampte van die Instituut vir Mannekragnavorsing. Die meetinstrumente wat in Talentopname se drie groot toetsprogramme op standerd ses-, agt- en tien-vlak gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN) van die RGN.

Gedurende die beplanningstadium en met die toepassing van die toetsprogramme is Talentopname se personeel bygestaan deur 'n advieskomitee bestaande uit verteenwoordigers van die onderwysdepartemente van die RSA en SWA, verenigings van kerk- en privaat-skole en die Nasionale Onderwysraad. Hierdie advieskomitee is gedurende 1973 ontbind en die funksies daarvan is deur die Advieskomitee vir Mannekragnavorsing oorgeneem.

Talentopname geskied in noue samewerking met die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing wat verantwoordelik is vir die masjinale verwerking en opberging van alle Talentopnamegegewens.

Met dank word ook verwys na die meer as duisend persone, meesal onderwysers, wat by skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het, en na personele van die afdeling sielkundige en voorligtingsdienste van die onderwysdepartemente, wat toetsafnemers opgelei het en 'n belangrike skakel in die organisasie van die toetsprogramme was. Ten slotte sou die uiteindelijke sukses van Talentopname nie moontlik gewees het sonder die heelhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat daarby betrokke was nie.

INHOUD

		BLADSY
SUMMARY/OPSOMMING		x & xi
1	INLEIDING, AGTERGROND EN DOEL	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Agtergrond	1
1.3	Doel	2
2	METODE VAN ONDERSOEK	3
2.1	Die ondersoekgroep	3
2.2	Die veranderlikes	4
2.3	Berekeninge	6
3	DIE MEERVOUDIGE KORRELASIESTUDIE	7
3.1	Inleiding	7
3.2	Resultate van die meervoudige korrelasiestudie	7
3.3	Evaluerende samevatting van meervoudige korrelasieresultate	10
4	DISKRIMINANTONTLEDING	18
4.1	Inleiding	18
4.2	Resultate van die diskriminantontleding	20
4.3	Die groep: Geen naskoolse kwalifikasies nie	22
4.4	Tekortkominge en swakhede van die diskriminantontledingresultate	23
5	AANLEGPROFIELE VIR STUDIERIGTINGS	24
5.1	Inleiding	24
5.2	Aanlegprofiele vir studierigtings	24
5.3	Bespreking van aanlegprofiele	26
6	SAMEVATTING	31
	SYNOPSIS	35
	BYLAE	39
	BRONNELYS	64

TABELLE

BLADSY

2.1	DIE SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEGGROEP	3
2.2	VERANDERLIKES VIR STATISTIESE BEREKENINGE	4
3.1	MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA: EERSTE TAAL HOËR (ST. 10 - EINDEKSAMEN)	13
3.2	MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA: TWEEDE TAAL LAER (ST. 10 - EINDEKSAMEN)	14
3.3	MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA: WISKUNDE (ST. 10 - EINDEKSAMEN)	15
3.4	MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA: WETENSKAP (ST. 10 - EINDEKSAMEN)	16
3.5	MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA: ST. 10 - EINDEKSAMENTOTAALPUNT.	17
4.1	KLASSIFISERINGSDOELTREFFENDHEID VAN DIE NSAG, JAT EN SAT VIR AGT STUDIERIGTINGS.	19
5.1	AANLEGTELLINGS: BESKRYWENDE STATISTIEK VOLGENS STUDIERIGTING.	27

FIGURE

	BLADSY	
5.1	PROFIELE VAN GEMIDDELDE AANLEGTELLINGS VIR MEDIESE GRAAD, LETTERE/ WYSBEGEERTEGRAAD EN DIE GROEP: GEEN NASKOOLSE KWALIFIKASIES NIE.	28
5.2	PROFIELE VAN GEMIDDELDE AANLEGTELLINGS VIR INGENIEURSGRAAD, MEDIESE DIPLOMA EN ONDERWYSDIPLOMA	29
5.3	PROFIELE VAN GEMIDDELDE AANLEGTELLINGS VIR NATUURWETENSKAPGRAAD, REGSGRAAD EN HANDEL/ADMINISTRASIEGRAAD.	30

SUMMARY

The aim with the investigation reported on here, was to determine the validity of the IQ and aptitude tests of Talent Survey for the prediction of scholastic and academic criteria.

The test group consisted of White Afrikaans and English-speaking boys and girls who had never failed at secondary school, who had participated in all three the Talent Survey test programmes and had obtained a university entrance certificate with Mathematics and a science subject.

The multiple correlations that were calculated between Std 6 and Std 8 level predictors and Std 10 level examination criteria, show that the NSAGT, the JAT and the SAT do have a measure of validity for the prediction of such criteria.

On the whole verbal tests are better predictors of examination criteria than non-verbal tests.

The findings of a discriminant analysis show that the above three measuring instruments are more or less equally effective for classifying pupils into eight different fields of study groups, i.e. it would be possible to use the NSAGT, the JAT and the SAT to decide what field of study would be most appropriate for an intending pupil or student.

OPSOMMING

Die doel met die ondersoek waaroor hier verslag gedoen word, was om die geldigheid te bepaal van Talentopname se IK- en aanlegtoetse vir die voorspelling van skolas-tiese en akademiese kriteria.

Die ondersoekgroep het bestaan uit Blanke Afrikaans - en Engelssprekende seuns en meisies wat nooit op hoërskool gedruip het nie, wat aan al drie Talentopnametoetspro-gramme deelgeneem het en wat 'n universiteitstoelatingcertifikaat behaal het met Wiskunde en 'n wetenskapvak.

Die meervoudige korrelasies wat bereken is tussen standerd ses- en agt-vlak voorspellers, en standerd tien-vlak eksamenkriteria toon dat die NSAG, die JAT en die SAT wel 'n mate van geldigheid het vir die voorspelling van sulke kriteria.

Oor die algemeen is verbale toetse beter voorspellers van eksamenkriteria as nie-verbale toetse.

Die bevindinge van 'n diskriminantontleding toon dat die genoemde drie meetin-strumente min of meer ewe doeltreffend is vir die klassifisering van leerlinge in agt verskillende studierigtinggroepe, dit wil sê die NSAG, die JAT en die SAT sou gebruik kon word om te besluit watter studierigting die toepaslikste is vir 'n voornemende leerling of student.

HOOFSTUK 1

INLEIDING, AGTERGROND EN DOEL

1.1 INLEIDING

In 'n vorige ondersoek (Verwey 1982) is die verstandsdimensies aangedui wat vir taal en geslagsgroepe afsonderlik met behulp van Talentopname se IK- en aanlegtoetse geïdentifiseer kan word. Daar is ook getoon dat die betrokke verstandsdimensies invariant oor taal en geslag is.

Die vernaamste bevinding uit die oogpunt van praktiese gebruik, byvoorbeeld in onderwys- en beroepsleiding, is die inligting oor die spesifieke meetinstrumente wat die doeltreffendste metings van die verkreë verstandsdimensies verteenwoordig. 'n Beduidende en hoë lading van 'n meetinstrument op 'n verstandsfaktor is egter geen waarborg dat die instrument ook praktiese waarde sal hê nie, byvoorbeeld vir die voorspelling van 'n standerd ses-leerling se kanses op sukses in die standerd tien-eindeksamen.

Om die reeks ondersoekte dus af te rond, is besluit om die voorspellingsgeldigheid te bepaal van die IK- en aanlegtoetse wat gebruik is by die identifisering van die verstandsfaktore vir 'n verskeidenheid eksamenprestasiekriteria.

Soos in die vorige ondersoekte (Verwey 1980 a, 1980 b en Verwey 1982) word ook in die huidige ondersoek uitsluitlik gebruik gemaak van Talentopnamegewens. Volledige besonderhede van Projek Talentopname word verstrek deur Verhoef en Roos (1970) en Roos (1970, 1972 en 1975).

1.2 AGTERGROND

As in ag geneem word die groot getal en verskeidenheid kognitiewe meetinstrumente wat in die Talentopnametoetsprogramme toegepas is asook die buitengewoon groot getalle hoërskoolleerlinge wat die toetse afgelê het, ontstaan die vraag watter basiese of primêre verstandsdimensies met behulp van die toetse gemeet is, en hoe konstant of invariant hierdie verstandsfaktore oor taal en geslag is. Vir 'n ondersoekgroep wat as potensiële hoëvlakmannekrag beskryf is, is 'n reeks ondersoekte uitgevoer, waarvan die bevindings beskryf is in drie vorige verslae (Verwey 1980 a, 1980 b en Verwey 1982).

Die volgende agt verstandsdimensies kon vir al vier taal en geslagsgroepe geïdentifiseer word: Verbale intelligensie, nie-verbale intelligensie, ruimtelike vermoë, numeriese vermoë, tegniese kennis, geheue, hand-oogkoördinasie en perseptuele vermoë.

Op grond van hierdie bevindinge is aanbeveel "dat geldigheidstudies as die sinvolste volgende stap onderneem moet word". Die huidige verslag beskryf die bevindinge van die geldigheidsondersoek.

1.3 DOEL

Die doel met die ondersoek was om die geldigheid van Talentopname se IK- en aanlegtoetse te bepaal, vir taal- en geslagsgroepe apart

- (a) van standerd ses- en agt-vlakmetings vir die voorspelling van standerd tien-vlakeksamenkriteria,
- (b) van standerd ses-, agt- en tien-vlakmetings vir die voorspelling van keuse van studierigting aan kollege en universiteit.

HOOFSTUK 2

METODE VAN ONDERSOEK

2.1 DIE ONDERSOEKSGROEP

Vir die geldigheidstudies is dieselfde ondersoekgroep gebruik wat betrokke was by die identifisering van die basiese verstandsdimensies wat met behulp van Talentopname se kognitiewe toetse gemeet is. Daar is na hierdie ondersoekgroep verwys as hoëvlak-potensiaal, omdat hulle nooit 'n standerd op hoërskool gedruip het nie en in 1969 'n universiteitstoelatingsertifikaat behaal het met slaagpunte in Wiskunde en 'n wetenskapvak. In teorie sou hulle dus enige naskoolse studierigting kon volg, na gelang van belangstelling en afhangende van prestasiepeil in die standerd tien-eindeksamen.

'n Verdere vereiste vir insluiting in die ondersoekgroep was dat 'n leerling aan al drie die Talentopnametoetsprogramme (1965 - standerd ses, 1967 - standerd agt en 1969-standerd tien) moes deelgeneem het. Daardeur kon 'n besondere eienskap van Talentopnamegegewens benut word, naamlik die feit dat 'n 25-persentsteekproef van skole by al drie die toetsprogramme betrek is (Verhoef en Roos 1970).

Die samestelling van die ondersoekgroep, soos dit in die vorige ondersoeke sowel as hierdie ondersoek gebruik is, word in tabel 2.1 aangedui.

TABEL 2.1
DIE SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKSGROEP

St.	Seuns			Meisies			Groot totaal
	Afr.	Eng.	Totaal	Afr.	Eng.	Totaal	
6	921	713	1 634	425	762	1 187	2 821
8	918	711	1 629	422	756	1 178	2 807
10	918	719	1 637	428	760	1 188	2 825

Daar moet op gewys word dat in sommige van die verwerkings slegs volledige rekords gebruik kan word, en daarom is die getalle persone wat in verskillende tabelle aangedui word, nie altyd dieselfde nie.

2.2 DIE VERANDERLIKES

2.2.1 Voorspeller veranderlikes

Daar is besluit om die bepaling van voorspellingsgeldigheid te beperk tot die groep van 69 IK- en aanlegveranderlikes waarop die vergelykende studie van taal- en geslagsgroepe gebaseer is (Verwey 1982). 'n Indeling van hierdie meetinstrumente volgens standerdvlakke is soos volg:

Standerd ses	Standerd agt	Standerd tien
(22 veranderlikes)	(29 veranderlikes)	(18 veranderlikes)
1 Nuwe SA Groeptoets (6)	1 Nuwe SA Groeptoets (6)	1 Nuwe SA Groeptoets (6)
2 Junior Aanlegtoetse (11)	2 Junior Aanlegtoetse (10)	2 Senior Aanlegtoetse (12)
3 Tegniese Toetse (4)	3 Tegniese Toetse (3)	
4 Handelstoetse (1)	4 Senior Aanlegtoetse (10)	

Besonderhede van die spesifieke toetse wat toegepas is, en wat 18 intelligensie- en 51 aanlegveranderlikes verteenwoordig, word in tabel 2.2 gegee. Hierdie meetinstrumente is elders volledig beskryf (Verhoef en Roos 1970 en Roos 1970, 1972 en 1975).

TABEL 2.2
VERANDERLIKES VIR STATISTIESE BEREKENINGE

Toetse	Toepassing (standerd)		
NUWE SUID-AFRIKAANSE GROEPTOETS (INTERMEDIêR EN SENIOR)			
Getallerye	6,	8,	10
Figuuranalogieë	6,	8,	10
Patroonvoltooiing	6,	8,	10
Klassifikasie (Woordpare)	6,	8,	10
Verbale Redenering	6,	8,	10
Woordanalgieë	6,	8,	10

(vervolg)

TABEL 2.2 (VERVOLG)

Toetse	Toepassing (standerd)	
JUNIOR AANLEGTOETSE		
Redenering	6,	8
Klassifikasie	6,	
Berekeninge	6,	8
Onderdele	6,	8
Sinonieme	6,	8
Vierkante	6,	8
Figuurpersepsie	6,	8
Geheue (Name-Gesigte)	6,	8
Woordvlotheid	6,	8
Koördinasie	6,	8
Skryfspoed	6,	8
TEGNIESE TOETSE		
Meganiese Insig	6,	
Vormwaarneming I	6,	8
Vormwaarneming II	6,	8
Gereedskaptoets	6,	8
HANDELSTOETSE		
Rekenkunde II	6,	
SENIOR AANLEGTOETSE		
Verbale Begrip	8,	10
Berekeninge	8,	10
Woordbou	8,	10
Vergelyking	8,	10
Patroonvoltooiing	8,	10
Figuurreekse	8,	10
Ruimtelik 2-D	8,	10
Ruimtelik 3-D	8,	10
Geheue (Par.)	8,	10
Geheue (Simb.)	8,	10
Koördinasie		10
Skryfspoed		10

2.2.2 *Kriteriumveranderlikes*

Vir die berekening van meervoudige korrelasies is die volgende standerd tien-vlakeindeksamenpunte as kriteriumveranderlikes gebruik:

Eerste Taal Hoër
Tweede Taal Laer
Wiskunde
Wetenskapvak
Eindeksamentotaalpunt

Vir die diskriminantontleding is gebruik gemaak van naskoolse opleidingsgegewens, en die volgende agt studierigtings is by die ontledings betrek. (Die getalle persone word in hakies aangedui.)

I	<u>Grade</u>		
	A Medies (90)	D Lettere/Wysbegeerte (293)	
	B Ingenieurswese (97)	E Regte (34)	
	C Natuurwetenskap (140)	F Handel/Administrasie (165)	
II	<u>Diplomas</u>		
	G Medies (92)	H Onderwys (163)	
III	<u>Totaal</u>	=	1 073

Hierdie studierigtings is as kriteriumgroepe gebruik omdat hulle as relatief homogeen beskou is, en omdat daar uit die ondersoekgroep van 2 825 redelik groot getalle in dié studierigtings naskoolse kwalifikasies behaal het, soos hierbo aangedui.

2.3 BEREKENINGE

Die drie soorte berekeninge wat vir die ondersoek van die voorspellingsgeldigheid van die IK- en aanlegtoetse toepaslik was, in die lig van die beskikbare kriteriumgewens, is soos volg :

- (a) Meervoudige korrelasies met standerd tien-eindeksamenpunte as kriteria.
- (b) Diskriminantontleding, met die doel om die klassifiseringsdoeltreffendheid van die NSAG, die JAT en die SAT te bepaal.
- (c) Berekening van gemiddelde aanlegtellings vir elk van die studierigting-groepe, met die doel om aanlegprofiele vir die studierigtings op te stel.

HOOFSTUK 3

DIE MEERVOUDIGE KORRELASIESTUDIE

3.1 INLEIDING

Die opsommende tabelle 3.1 tot 3.5 wat aan die einde van hoofstuk 3 verskyn, gee vir elk van die vyf standerd tien-eindeksamenkriteria die meervoudige korrelasie wat verkry is vir die NSAG, die JAT, die Tegniese- en Handelstoetse en die SAT. Behalwe in die geval van die Tegniese- en Handelstoetse, word die meervoudige korrelasies apart aangedui vir die nie-verbale en verbale toetse en totaal, dit wil sê laasgenoemde is die nie-verbale en verbale toetse saam.

Die vyf kriteriumveranderlikes vir elk waarvan 'n aparte tabel in die bylae verskyn, is : Eerste Taal Hoër, Tweede Taal Laer, Wiskunde, Wetenskapvak en Eindeksamen=totaalpunt.

Die opsommende tabelle wat aan die einde van hoofstuk 3 verskyn, is gebaseer op die vollediger tabelle wat in die bylae verskyn. Hierdie tabelle gee ook die regressievergelykings wat gebruik kan word om vir 'n individuele leerling 'n geskatte kriteriumtelling te bereken. Soos uit hierdie tabelle gemerk sal word, is die hoogste meervoudige korrelasie in alle gevalle verkry deur van al die beskikbare veranderlikes, naamlik nie-verbaal plus verbaal gebruik te maak.

Slegs die drie voorspellerinstrumente NSAG, JAT en SAT word hier volledig bespreek omdat die Tegniese- en Handelstoetse vir die ondersoekgroep wat gebruik is, niks bydra tot die voorspelling van standerd tien-eindeksamenkriteria nie.

Vir beide die NSAG en die JAT word die voorspellingsgeldigheid ondersoek van sowel die standerd ses- as die standerd agt-vlakmetings. Vir die SAT word slegs die voorspellingsgeldigheid van die standerd agt-vlakmetings bepaal.

3.2 RESULTATE VAN DIE MEERVOUDIGE KORRELASIESTUDIE

3.2.1 *Die nuwe Suid-Afrikaanse groeptoets*

Op grond van die resultate wat in die opsommende tabelle 3.1 tot 3.5 gegee word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- (a) Die hoogste meervoudige korrelasies is : 0,509 (St. 8 NSAG-Totaal en Eindeksamentotaalpunt, Engelssprekende seuns) ; 0,508 (St. 8 NSAG - Totaal en Eerste Taal Hoër, Engelssprekende meisies) en 0,505 (St. 8 NSAG-Verbaal en Eerste Taal, Engelssprekende meisies).

Hoewel nie hoog in terme van persentasie kriteriumvariansie wat verklaar word nie, verskaf hierdie korrelasies rede om te dink dat dit wel moontlik sal wees om 'n intelligensiegroep-toets op te stel wat gebruik kan word vir die voorspelling van akademiese prestasie.

- (b) Die laagste meervoudige korrelasies is : 0,129 (St. 6-Nie-verbaal en Tweede Taal Laer, Engelssprekende seuns) ; 0,133 (St. 8-Nie-verbaal en Tweede Taal, Engelssprekende seuns) en 0,168 (St. 6-Nie-verbaal en Eerste Taal Hoër, Afrikaanssprekende meisies).

Dit is volgens verwagting. Die metings wat verkry word met behulp van die NSAG : Nie-verbaal, het weinig of niks in gemeen met taalkriteria nie, in hierdie geval standerd tien-eindeksamenpunte in Eerste Taal Hoër en Tweede Taal Laer.

- (c) Standerd agt-vlak- NSAG-tellings, Nie-verbaal, Verbaal en Totaal gee oor die algemeen nie opmerklik hoër korrelasies met standerd tien-eindeksamenkriteria as die standerd ses-vlak- NSAG-tellings nie.
- (d) Die vyf eksamenkriteria word ongeveer ewe goed voorspel, maar nie deur dieselfde voorspellers nie : Wiskunde word net so goed, indien nie beter nie, deur die NSAG : Nie-verbaal as deur Verbaal voorspel. Dieselfde geld vir Wetenskapvak, en as gevolg hiervan word Eindeksamentotaalpunt ook redelik goed voorspel deur die NSAG : Nie-verbaal, want vir die spesifieke ondersoekgroep wat gebruik is, het beide Wiskunde en Wetenskapvak bygedra tot die Eindeksamentotaalpunt.

3.2.2 *Die junior aanlegtoetse*

Die bevindinge ten opsigte van die JAT wat hieronder bespreek word, word saamgevat in tabelle 3.1 tot 3.5, wat aan die einde van hoofstuk 3 verskyn. Besonderhede van die betrokke regressievergelykings wat gebruik kan word om vir 'n individuele leerling 'n geskatte kriteriumtelling te bereken, word in die vollediger tabelle in die bylae gegee.

- (a) Wat dadelik opval, is dat die JAT hoër meervoudige korrelasies as die NSAG toon met al vyf die eksamenkriteria, hoewel die verskille ten opsigte van Wiskunde nie so ooglopend is nie.
- (b) Die hoogste meervoudige korrelasies is : 0,629 (St. 8-JAT:Totaal en Tweede Taal Laer, Engelssprekende meisies); 0,626 (St. 8-JAT:Verbaal en Tweede Taal Laer, Engelssprekende meisies); 0,619 (St. 8-JAT : Totaal en Tweede Taal Laer, Afrikaanssprekende meisies).

Hierdie bevindinge dui moontlik daarop dat spesifieke aanlegte, soos gemeet deur die Junior Aanlegtoetse, beter voorspellers van eksamenkriteria kan wees as 'n algemene verstandvermoë soos intelligensie wat, soos gemeet deur die NSAG, gesien kan word as 'n globale indeks van 'n individu se peil van verstandsfunksionering.

- (c) Die laagste meervoudige korrelasies van die JAT met eksamenkriteria is: 0,059 (St. 8-JAT : Nie-verbaal en Tweede Taal Laer, Engelssprekende seuns); 0,121 (St. 6 - JAT : Nie-verbaal en Tweede Taal Laer, Engels-sprekende seuns) en 0,124 (St. 8-JAT : Nie-verbaal en Tweede Taal Laer, Engelssprekende meisies).

Ook hier is dit volgens verwagting dat nie-verbale meetinstrumente weinig of niks in gemeen sal hê met 'n taalkriterium nie. Die verskil tussen die hoogste en laagste meervoudige korrelasie is egter opmerklik groter by die JAT (van 0,059 tot 0,629) as by die NSAG (0,129 tot 0,509). As die aard van die ondersoekgroep in ag geneem word asook die grootte van die taal- en geslagsgroepe, is dit duidelik dat die presiese redes vir die waargenome verskille slegs deur verdere navorsing bepaal kan word.

- (d) Soos die geval is by die NSAG
- (i) gee die standerd ses-vlakvoorspellers meervoudige korrelasies met standerd tien-vlakeksamenkriteria, wat nie ooglopend laer is as wat die standerd agt-vlakvoorspellers gee nie;
 - (ii) word al vyf kriteria ongeveer ewe doeltreffend voorspel.
- (e) Veral in die geval van Engelssprekendes, is die meervoudige korrelasies van die JAT : Nie-verbaal met Tweede Taal Laer, opmerklik laer as vir Afrikaanssprekendes.
- (f) Anders as wat die geval is by die NSAG, word die drie kriteria Wiskunde, Wetenskapvak en Eindeksamentotaalpunt nie ewe goed voorspel deur die nie-verbale en die verbale toetse van die JAT nie.

3.2.3 *Die senior aanlegtoetse*

Die inligting waarna in die volgende paragrawe verwys word, verskyn in tabelle 3.1 tot 3.5 en kan soos volg saamgevat word:

- (a) Die hoogste meervoudige korrelasies wat verkry word tussen standerd agt-vlak- SAT-tellings en standerd tien-vlak- eksamenpunte, is :

0,503 (St. 8- SAT : Totaal en Tweede Taal Laer, Afrikaanssprekende meisies); 0,503 (St. 8- SAT : Totaal en Wiskunde, Engelssprekende seuns) en 0,500 (St. 8- SAT : Verbaal en Tweede Taal Laer, Afrikaanssprekende meisies).

Uit hierdie syfers blyk dat die SAT moontlik nie so doeltreffend as 'n voorspeller van standaard tien-vlakeksamenkriteria sou wees as die JAT nie.

- (b) Die laagste meervoudige korrelasies van standaard agt-vlak- SAT-tellings met standaard tien-vlakeksamenpunte is soos volg: 0,167 (St. 8- SAT : Nie-verbaal en Eerste Taal Hoër, Afrikaanssprekende meisies); 0,177 (St. 8- SAT : Nie-verbaal en Tweede Taal Laer, Engelssprekende seuns) en 0,198 (St. 8- SAT : Nie-verbaal en Eerste Taal Hoër, Engelssprekende seuns).
- (c) Die kriterium Wiskunde kan net so doeltreffend met behulp van die SAT : Nie-verbale as met die verbale toetse voorspel word. Maar, anders as by die NSAG, geld dit nie vir wetenskapvak en Eindeksamentotaalpunt nie.

Die SAT : Nie-verbale toetse verskil ook in die opsig van die JAT : Nie-verbale toetse, wat nie hierdie verskil in voorspellingsgeldigheid toon ten opsigte van die drie genoemde eksamenkriteria nie.

3.3 EVALUERENDE SAMEVATTING VAN MEERVOUDIGE KORRELASIERESULTATE

- (a) As 'n geheel gesien, word die vyf kriteria min of meer ewe goed voorspel deur die NSAG, die JAT en die SAT.
- (b) Geen aansienlike, konsekwente verskille kom voor tussen die taal- en geslagsgroepe nie, wat beteken dat die drie voorspellerinstrumente ewe doeltreffend funksioneer vir die taal- en geslagsgroepe.
- (c) Hoewel daar vergelykings gegee word om, op grond van die meervoudige korrelasies wat verkry is, geskatte kriteriumtellings vir individuele leerlinge te bereken, moet die volgende in gedagte gehou word :
 - (i) Die Coefficient of Alienation ($K = \sqrt{1 - R^2}$) word soms gebruik om persentasiegewys te bepaal hoeveel beter as kans (toeval) die voorspelling sal wees wat met 'n gegewe meervoudige korrelasie verkry kan word. Schepers, (1957) in 'n ondersoek in die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing,

sê in verband met 'n vroeër voorloper van die Junior Aanleg-toetse : "The coefficient of alienation in respect of a multiple correlation of 0,87 is 0,49, i.e. predictions based on a test battery which correlates 0,87 with the criteria will be 51 % better than chance predictions" (p. 42) en hy kom tot die gevolgtrekking dat voorspelling ten opsigte van 'n individu slegs oorweeg moet word as die meervoudige korrelasie 0,60 of hoër is (p. 43).

Die meervoudige korrelasies wat hierbo gerapporteer is, is oorwegend laer as 0,60.

- (ii) In verband met die standerd tien-eindeksamenpunte as kriteria, moet genoem word dat die leerlinge in die ondersoekgroep uit skole in al vier provinsies van die Republiek van Suid-Afrika getrek is. Die sillabusse vir al die standerd tien-vakke verskil van provinsie tot provinsie en elke provinsie stel sy eie eksamens op. Dit kan dus nie aanvaar word dat die standarde waarvolgens beoordeel is, identies of ekwivalent was nie. Dit is nie bekend hoe hierdie faktore die betroubaarheid en geldigheid van die betrokke kriteria beïnvloed nie, maar die moontlikheid is nie uitgeslote nie dat tekortkominge van die kriteria gedeeltelik verantwoordelik is vir die lae meervoudige korrelasies wat in die huidige ondersoek verkry is.

Wat laasgenoemde betref, moet ook die volgende in gedagte gehou word: Wetenskapvak as kriterium verteenwoordig die eksamenpunt of gemiddelde eksamenpunt in een of meer van enige van die groep wetenskapvakke wat as standerd tien-vak aangebied word. Eindeksamentotaalpunt het as kern die vier vakke Eerste Taal, Tweede Taal, Wiskunde en wetenskapvak, maar die ander twee vakke kan verskil van leerling tot leerling. Uit die oogpunt van psigometriese teorie, moet so 'n meetinstrument as onbevredigend beskou word, en kan dus nie as 'n geskikte kriterium aanvaar word nie.

- (iii) Hoewel vorige ondersoeke bewys het dat die metings vir die betrokke ondersoekgroep bevredigende konstantheid oor tyd toon (Verwey 1982), soos blyk uit toets/hertoetskorrelasies asook uit die samestelling van die verstandsdimensies wat geïdentifiseer is, is die tydperk tussen die toepassing van die voorspellertoetse en die verkryging van die kriteriumtellings ('standerd tien-eksamenpunte) betreklik lank. Hierdie stadium

in die leerlinge se lewe, dit wil sê vanaf standerd ses tot tien, is verder ook 'n tyd van ontwikkeling en verandering.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die IK- en aanlegtoetse waarvan die voorspellingsgeldigheid ondersoek is, nie in hulle huidige vorm vir individuele voorspelling in voorligting gebruik kan word nie. Nietemin is dit duidelik dat geldige meetinstrumente wel op grond van die nodige navorsing opgestel sou kon word.

- (iv) Die aard van die ondersoekgroep moet ook in gedagte gehou word. Nie alleen is dit in terme van kognitiewe vermoëns 'n geselekteerde steekproef nie, dit is ook uniek omdat dit bestaan uit leerlinge wat nooit op hoërskool gedruip het nie, en wat 'n universiteitstoelatingsertifikaat behaal het met Wiskunde en 'n wetenskapvak.

Dit kan dus redelikerwys verwag word dat 'n soortgelyke ondersoek, maar met 'n ewekansige steekproef, 'n juister beeld sal gee, en hoër meervoudige korrelasies, dit wil sê beter voorspellingsgeldigheid sal toon.

TABEL 3.1

MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA:
EERSTE TAAL HOËR (ST. 10 - EINDEKSAMEN)

	St. 6				St. 8			
	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies
NSAG								
Nie-verbaal	*202	220	188	261	237	168	245	301
Verbaal	423	337	378	461	422	283	490	505
Totaal	441	344	403	467	427	288	497	508
JAT								
Nie-verbaal	300	186	278	221	225	190	231	223
Verbaal	472	398	490	501	506	382	510	544
Totaal	509	411	542	514	536	423	544	577
Tegniese- en Handelstoetse	316	243	381	395	123	195	227	226
SAT								
Nie-verbaal					234	167	198	273
Verbaal					487	386	485	449
Totaal					494	393	492	454

* Desimale kommas weggelaat.

TABEL 3.2

MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA:
TWEEDE TAAL LAER (ST. 10 - EINDEKSAMEN)

	St. 6				St. 8			
	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies
NSAG								
Nie-verbaal	*248	288	129	193	273	271	133	228
Verbaal	431	424	251	389	388	378	295	337
Totaal	436	431	259	399	392	391	309	346
JAT								
Nie-verbaal	271	242	121	166	223	240	059	123
Verbaal	583	580	467	518	578	604	528	626
Totaal	594	586	482	537	598	619	536	629
Tegniese- en Handelstoetse								
	367	417	251	324	141	194	147	145
SAT								
Nie-verbaal					265	260	177	262
Verbaal					481	499	342	380
Totaal					488	503	359	396

* Desimale kommas weggelaat.

TABEL 3.3

MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA:
WISKUNDE (ST. 10 - EINDEKSAMEN)

	St. 6				St. 8			
	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies
NSAG								
Nie-verbaal	*354	299	387	352	338	316	439	402
Verbaal	315	286	345	265	348	318	457	308
Totaal	380	336	405	369	379	364	499	412
JAT								
Nie-verbaal	263	306	263	261	236	291	266	254
Verbaal	433	423	435	392	460	498	458	428
Totaal	442	468	453	413	470	522	472	442
Tegniese en Handelstoetse								
	399	462	483	378	203	298	296	260
SAT								
Nie-verbaal					345	302	394	388
Verbaal					437	393	446	381
Totaal					469	418	503	446

* Desimale kommas weggelaat.

TABEL 3.4

MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA:
WETENSKAP (ST. 10 - EINDEKSAMEN)

	St. 6				St. 8			
	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies
NSAG								
Nie-verbaal	*258	255	302	221	236	251	354	289
Verbaal	293	256	320	275	292	353	440	322
Totaal	316	296	344	299	301	296	455	358
JAT								
Nie-verbaal	254	215	236	211	191	204	207	250
Verbaal	318	352	405	393	360	392	417	391
Totaal	339	367	431	406	367	404	429	409
Tegniese- en Handelstoetse								
	318	312	420	302	183	217	236	189
SAT								
Nie-verbaal					247	210	269	291
Verbaal					324	319	399	366
Totaal					343	337	432	379

* Desimale kommas weggelaat.

TABEL 3.5

MEERVOUDIGE KORRELASIES MET EKSAMENKRITERIA:
ST. 10 - EINDEKSAMENTOTAALPUNT

	St. 6				St. 8			
	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies	Afr. Seuns	Afr. Meisies	Eng. Seuns	Eng. Meisies
NSAG								
Nie-verbaal	*306	313	324	330	321	322	376	346
Verbaal	392	381	380	400	409	376	488	409
Totaal	408	403	393	427	417	405	509	434
JAT								
Nie-verbaal	285	243	233	262	253	258	200	254
Verbaal	472	489	492	494	502	570	507	540
Totaal	479	500	502	516	513	589	511	559
Tegniese- en Handelstoetse								
	393	402	421	385	201	249	225	249
SAT								
Nie-verbaal					304	256	278	370
Verbaal					473	490	471	436
Totaal					480	493	481	468

* Desimale kommas weggelaat.

4.1 INLEIDING

Die vraag word soms gestel met verwysing na IK- en aanlegtoetse of hierdie meetinstrumente deur onderwysdepartemente, teknikons en universiteite gebruik kan word om vir 'n leerling of voornemende student 'n spesifieke studierigting aan te beveel. In 'n tegniese sin kom die vraag daarop neer of 'n toetsbattery soos die Junior Aanlegtoetse of die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets tussen studierigtings kan diskrimineer. 'n Tweede manier om die vraag te stel, is: Kan een of meer lineêre kombinasies van die toetstellings wat van 'n groep persone gevind word van so 'n aard wees dat die studierigtingsentroïdes so ver van mekaar lê dat die studierigtinggroepe min oorvleueling toon?

Vir die ondersoekgroep wat hier gebruik is, is vir elk van die voorspeller-toetsbatterye 'n kovariansiematriks vir elk van die agt studierigtinggroepe bereken. As eerste stap in die diskriminantontleding is hierdie matrikse vir homogeniteit getoets en hiervolgens het geblyk dat dit nie toelaatbaar sou wees om die studierigtinggroepe saam te voeg nie. Met ander woorde, dit sou nie moontlik wees om 'n enkele diskriminantfunksie te bereken nie met behulp waarvan tussen die studierigtinggroepe onderskei kon word. Gevolglik is vir elke studierigtinggroep 'n eie of karakteristieke diskriminantfunksie (of profiel) bereken.

Die resultate van die volgende stap word in tabel 4.1 gegee. In hierdie stap is vir elke studierigtinggroep bepaal hoeveel van die persone in 'n spesifieke groep, 'n toetsprofiel toon wat ooreenkom met die profiel wat eie of karakteristiek vir daardie groep is. Hierdie persone sou dus as korrek geklassifiseer beskou kon word, dit wil sê hulle word, met behulp van 'n bepaalde voorspeller of diskriminator in die studierigting geklassifiseer waarin hulle reeds gegradeer het. Uit tabel 4.1 blyk byvoorbeeld dat 58,8 % van die mediese graadgroep (N = 85) met behulp van die NSAG korrek in hierdie groep geplaas word.

Die persone wat reeds in 'n studierigting gegradeer het, maar wat nie volgens die diskriminantontleding vir lidmaatskap van die betrokke groep kwalifiseer nie, word vervolgens herklassifiseer in die studierigtinggroep waarvan die karakteristieke profiel of diskriminantfunksie die meeste ooreenkoms toon met dié van 'n bepaalde individu. Uit tabel 4.1 kan byvoorbeeld gesien word dat 11,8 % van die reeds gegradeerde medici, 'n NSAG-profiel het wat groter ooreenkoms toon met die diskriminantfunksie van die ingenieursgroep as met dié van enige ander studierigting.

Die resultate van die diskriminantontleding vir die NSAG, die JAT en die SAT word in tabel 4.1 gegee en word in paragraaf 4.2 bespreek.

TABEL 4.1
 KLASSIFISERINGSDOELTREFFENDHEID VAN DIE NSAG, JAT EN SAT VIR AGT STUDIERIGTINGS

Diskriminatort: 1. NSAG (totaal = 18) 2. JAT (totaal = 17) 3. SAT (totaal = 20)			Medies (graad)		Ingenieurswese (graad)		Natuurwetenskap (graad)		Lettere/Wysbegeerte (graad)		Regte (graad)		Handel/Administrasie (graad)		Medies (diploma)		Onderwysersdiploma		Geen naskoolse kwalifikasies		Totale	
			N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
1 Medies (graad)	1	50	58,8	10	11,8	9	10,6	4	4,7	5	5,9	1	1,2	1	1,2	1	1,2	4	4,7	85	100,0	
	2	48	58,5	9	11,0	6	7,3	4	4,9	1	1,2	3	3,7	4	4,9	4	4,9	3	3,7	82	100,0	
	3	56	66,7	8	9,5	4	4,8	4	4,8	2	2,4	2	2,4	4	4,8	1	1,2	3	3,6	84	100,0	
2 Ingenieurswese (graad)	1	9	9,9	59	64,8	11	12,1	4	4,4	1	1,1	2	2,2	2	2,2	3	3,3	0	0,0	91	100,0	
	2	9	10,1	57	64,0	4	4,5	2	2,2	3	3,4	6	6,7	2	2,2	2	2,2	4	4,5	89	100,0	
	3	5	5,4	64	68,8	5	5,4	2	2,1	1	1,1	4	4,3	4	4,3	3	3,2	5	5,4	93	100,0	
3 Natuurwetenskap (graad)	1	14	10,2	19	13,9	65	47,4	5	3,6	6	4,4	13	9,5	7	5,1	6	4,4	2	1,5	137	100,0	
	2	20	16,3	8	6,5	55	44,7	7	5,7	6	4,9	9	7,3	7	5,7	3	2,4	8	6,5	123	100,0	
	3	17	13,0	13	9,9	63	48,1	7	5,3	7	5,3	8	6,1	8	6,1	3	2,3	5	3,8	131	100,0	
4 Lettere/Wysbegeerte (graad)	1	29	10,3	33	11,7	31	11,0	97	34,5	8	2,8	17	6,0	25	8,9	26	9,2	15	5,3	281	100,0	
	2	24	8,7	22	8,0	23	8,3	100	36,2	16	5,8	22	8,0	28	10,1	32	11,6	9	3,3	276	100,0	
	3	28	9,9	17	6,0	28	9,9	115	40,5	2	0,7	17	6,0	25	8,8	31	10,9	21	7,4	284	100,0	
5 Regte (graad)	1	3	9,1	0	0,0	0	0,0	0	0,0	30	90,9	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	33	100,0	
	2	2	5,9	0	0,0	1	2,9	0	0,0	28	82,3	1	2,9	2	5,9	0	0,0	0	0,0	34	100,0	
	3	2	6,2	0	0,0	0	0,0	1	3,1	28	87,5	1	3,1	0	0,0	0	0,0	0	0,0	32	100,0	
6 Handel/Administrasie (graad)	1	17	10,9	17	10,9	18	11,5	12	7,7	6	3,8	56	35,9	14	9,0	12	7,7	4	2,6	156	100,0	
	2	14	8,7	16	10,0	9	5,6	7	4,4	9	5,6	74	46,2	11	6,9	11	6,9	9	5,6	160	100,0	
	3	20	12,6	13	8,2	9	5,7	13	8,2	2	1,3	78	49,1	8	5,0	8	5,0	8	5,0	159	100,0	
7 Medies (Diploma)	1	3	3,3	9	9,9	9	9,9	6	6,6	1	1,1	8	8,8	48	52,7	5	5,5	2	2,2	91	100,0	
	2	3	3,5	1	1,2	6	7,1	4	4,7	3	3,5	2	2,3	51	60,0	10	11,8	5	5,9	85	100,0	
	3	4	4,5	6	6,7	9	10,1	9	10,1	1	1,1	5	5,6	48	53,9	5	5,6	2	2,2	89	100,0	
8 Onderwysersdiploma	1	7	4,5	12	7,7	18	11,5	12	7,7	7	4,5	13	8,3	14	9,0	64	41,0	9	5,8	156	100,0	
	2	9	6,0	3	2,0	9	6,0	12	7,9	8	5,3	15	9,9	22	14,6	64	42,4	9	6,0	151	100,0	
	3	8	5,1	7	4,5	10	6,4	15	9,5	1	0,6	12	7,6	19	12,1	77	49,0	8	5,1	157	100,0	
Totale	1	132	12,8	159	15,4	161	15,6	140	13,6	64	6,2	110	10,7	111	10,8	117	11,4	36	3,5	1030	100,0	
	2	129	12,9	116	11,6	113	11,3	136	13,6	74	7,4	132	13,2	127	12,7	126	12,6	47	4,7	1000	100,0	
	3	140	13,6	128	12,4	128	12,4	166	16,1	44	4,3	127	12,4	116	11,3	128	12,4	52	5,1	1029	100,0	
9 Geen naskoolse kwalifikasies	1	159	9,6	179	10,8	186	13,3	160	9,7	85	5,1	175	10,6	151	9,1	238	14,4	319	19,3	1652	100,0	
	2	136	8,4	191	11,8	128	7,9	152	9,4	85	5,2	176	10,9	199	12,3	192	11,8	361	22,3	1620	100,0	
	3	127	7,6	175	10,5	163	9,8	207	12,5	37	2,2	195	11,7	157	9,5	191	11,5	408	24,6	1660	100,0	
Groottotale	1	291	10,8	338	12,6	347	12,9	300	11,2	149	5,6	285	10,6	262	9,8	355	13,2	355	13,2	2682	100,0	
	2	265	10,1	307	11,7	241	9,2	288	11,0	159	6,1	308	11,8	326	12,4	318	12,1	408	15,6	2620	100,0	
	3	267	9,9	303	11,3	291	10,8	373	13,9	81	3,0	322	12,0	273	10,1	319	11,9	460	17,1	2689	100,0	

4.2 RESULTATE VAN DIE DISKRIMINANTONTLEDING

Tabel 4.1 verstrek die resultate wat verkry is deur gebruik te maak van die volgende voorspellerinstrumente of diskriminators:

- 1 NSAG - 18 subtoetse (ses elk op standerd ses-, agt- en tien-vlak)
- 2 JAT - 17 toetse (nege op standerd ses-, agt op standerd agt-vlak)
- 3 SAT - 20 toetse (10 op standerd agt-, en 10 op standerd tien-vlak).

Hierdie kodes (1, 2 en 3) verskyn in die tweede kolom, aan die linkerkant van tabel 4.1 langs elk van die studierigtings. Die kolomme van die tabel toon hoe die getal persone wat n studierigting voltooi het (die "Totale" kolom heel regs in die tabel) deur die diskriminantontledingmetode geklassifiseer word. Die resultate verkry met elk van die diskriminators word kortliks bespreek in die paragrawe wat volg.

4.2.1 Die NSAG

- (a) Ry 5 van die tabel (Studierigting: Regte) toon dat 30 van die 33 persone met n Regsgraad korrek in die studierigting Regte geklassifiseer word, terwyl die aanlegprofiel van al drie die oorblywende Regtegraduandi meer ooreenkoms toon met die profiel van die mediese studierigting as met enige van die ander.
- (b) Ander studierigtings wat redelik doeltreffend deur die NSAG geklassifiseer sou kon word, is:

Ingenieurswese	64,8 % korrek
Mediese graad	58,8 % korrek
Mediese diploma	52,7 % korrek

- (c) Die studierigtings wat die swakste deur die NSAG geklassifiseer word is:

Lettere/Wysbegeerte	34,5 % korrek
Handel en Administrasie	35,9 % korrek
Onderwysdiploma	41,0 % korrek

4.2.2 Die JAT

- (a) Met behulp van die JAT sou 28 van die 34 Regtegraduandi korrek geplaas kon word (82 %) terwyl twee in die mediese graadgroep, twee in die mediese diplomagroep en een in die Handel/Administrasiegroep geplaas word.

- (b) Vir mediese en ingenieurgraduandi klassifiseer die JAT dieselfde persentasies korrek as die NSAG, (58 % en 64 % onderskeidelik) maar in die geval van mediese diploma en handel en administrasie klassifiseer die JAT doeltreffender as die NSAG (60 % korrek teenoor 53 % en 46 % korrek teenoor 36 %).
- (c) Die studierigtings wat die minste doeltreffend deur die JAT geklassifiseer word, is:

Lettere/Wysbegeerte	36 % korrek
Onderwysdiploma	42 % korrek
Natuurwetenskap	45 % korrek
Handel/Administrasie	46 % korrek

4.2.3 Die SAT

- (a) Die studierigtings ten opsigte waarvan die hoogste persentasies van die reeds gegradueerde persone in die korrekte studierigting met behulp van die SAT geklassifiseer word, is soos volg:

Regte	87 % korrek
Ingenieurswese	69 % korrek
Mediese graad	68 % korrek
Mediese diploma	54 % korrek

- (b) Studierigtings ten opsigte waarvan die laagste persentasies van die reeds gegradueerde persone in die korrekte studierigting met behulp van die SAT geklassifiseer word, is:

Lettere/Wysbegeerte	40 % korrek
Natuurwetenskap	48 % korrek
Onderwysdiploma	49 % korrek
Handel/Administrasie	49 % korrek

Samevattend kan gesê word dat daar, in die geheel gesien, 'n redelike mate van ooreenkoms is tussen die persentasies persone wat met behulp van elk van die drie voorspellerinstrumente (diskriminatort) in die verskillende studierigtings geklassifiseer word.

As daar gekyk word na die persentasies in die selle van tabel 4.1 bokant en onderkant die hoofdiagonaal, word gemerk dat daar moontlik 'n neiging is vir die JAT en die SAT om minder van mekaar te verskil as van die NSAG.

Die beroepsgroepe wat konsekwent deur al die diskriminators die beste voorspel word, is:

Regte
Ingenieurswese
Mediese graad.

Daarenteen word relatief kleiner persentasies van die reeds gegradueerde persone korrek geplaas in beroepsgroepe soos:

Lettere en Wysbegeerte
Onderwysdiploma
Natuurwetenskappe.

Die waarskynlikste verklaring hiervoor is dat die meer homogene beroepe doeltreffender geklassifiseer kan word as relatief of self hoogs heterogene beroepsgroepe soos die laasgenoemde drie.

4.3 DIE GROEP: GEEN NASKOOLSE KWALIFIKASIES NIE

